

13.10 RAPPORT 10 – BESTUUR VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO AAN DIE LEDE VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO – OUDITKOMITEE – SDDS MET INSLUITING VAN ALLE SPESIFIEKE FONDSE GE-ADMINISTREER EN PAUL KRUGER KINDERHUISE PRETORIA EN REDDERSBURG

13.10 REPORT 10 – MANAGEMENT OF THE ADMINISTRATIVE BUREAU TO THE MEMBERS OF THE ADMINISTRATIVE BUREAU – AUDIT COMMITTEE – SDDS INCLUDING ALL SPECIFIC FUNDS ADMINISTERED AND PAUL KRUGER CHILDREN’S HOMES PRETORIA AND REDDERSBURG

<p>1. Finansiële State 30 Junie 2017 Die Ouditkomitee het die SDDS Finansiële State in detail bespreek.</p> <p>2. Glenzicht ‘n Navraag rakende ‘n lening ontvangbaar word bevrediging beantwoord. Hierdie was ‘n uitsonderlike geval en is reeds afgehandel na die balansstaatdatum. Die Ouditkomitee bevraagteken die waardasie van die Glenzicht eiendom en ‘n aanpassing in oorleg met die ouditeure is deur Bestuur gemaak.</p> <p>3. Spesifieke fondse KO, art 25 Fonds, Mediese Bystandsfonds, Noodtoestande fonds</p> <p>3.1 Die verdiskonteerde waarde van die Mediese Bystandsfondsverpligting behoort as ‘n las in die state getoon te word.</p> <p>3.2 Die inkomste en uitbetalings uit die spesifieke fondse behoort in die inkomtestaat getoon te word. Bestuur het ingestem om ‘n Staat van inkomste vir die Spesifieke fondse op te stel en beskikbaar te maak. Die Ouditkomitee beveel aan dat die state van SDDS aanvaar word.</p> <p>4. Aanwys en goedkeuring van potensiële SDDS direksielede ‘n Vraag – wat sou die oplossing wees indien nuwe direksielede voorgelê word aan die Sinode maar nie deur die Sinode goedgekeur word nie.</p> <p>5. Paul Kruger Kinderhuise</p> <p>5.1 Die Ouditkomitee beveel aan dat SDDS-bestuur onafhanklike verteenwoordiging aanwys vir sitting op elk van die Kinderhuise se bestuur. So-danige word nodig geag om SDDS</p>	<p>1. Financial Statements 30 June 2017 The Audit committee discussed the SDDS financial statements in detail.</p> <p>2. Glenzicht An enquiry into a loan receivable was satisfactorily answered. This was an exception and was already addressed after the balance sheet date. The Audit committee questioned the valuation of the Glenzicht premises and Management adjusted it in consultation with the auditors.</p> <p>3. Specific funds CO, art 25 Fund, medical aid fund, emergency fund</p> <p>3.1 The negotiated value of the medical aid fund obligation should be listed as a liability in the statements.</p> <p>3.2 The income and payment of specific funds should be listed on the income statement. Management agreed to draw up and make available a statement of income for the specific funds. The Audit committee recommends that the statements of SDDS be accepted.</p> <p>4. Appointment and approval of potential SDDS board members Question – How would it be resolved if new board members were presented to the Synod, but were not approved by the Synod.</p> <p>5. Paul Kruger Children’s Homes</p> <p>5.1 The Audit committee recommended that SDDS management appoint independent representation for serving on the Management of each of the Children’s home. It is deemed necessary</p>
--	---

<p>belange te verteenwoordig.</p> <p>5.2 Die Ouditkomitee versoek dat 'n verteenwoordiger van elke Kinderhuis die Ouditkomitee se vergaderings bywoon.</p> <p>5.3 'n Kontrolelys word aan elke Kinderhuisbestuur en SDDS-bestuur beskikbaar gestel om tydens Ouditkomiteevergaderings verslag te doen rondom kontroles in plek vir hantering van kontant, skenkings en beskerming van bates.</p> <p>5.4 Tydens die SDDS-vergadering op 24 Oktober 2017 te Pretoria is bevredigende mondelinge terugvoer verkry oor beheermaatreëls rondom die ontvang, aanteken en verrekening van skenkings ontvang.</p> <p>5.5 <i>Pretoria</i></p> <p>5.5.1 Die Ouditkomitee het aanbeveel dat die 10-jaar skoonmaakkontrak se koste as 'n verpligting in die state verreken behoort te word.</p> <p>5.5.2 Die Ouditkomitee wag ook vir beskikbaarstelling van die beleid rondom die aangaan van kontrakte met huidige of voormalige personeel asook Bestuurslede van die Kinderhuise.</p> <p>5.5.3 Die Ouditkomitee wag ook op die motivering vir die tydperk en tariewe rakende die skoonmaakkontrak vir ons beoordeling. Die Ouditkomitee beveel aan dat die state van PKK Pretoria en Reddersburg aanvaar word.</p> <p>6. Lopende saak Die Ouditkomitee spreek sy bekommernis uit met die mening van die ouditeure dat PKK Pretoria se onvermoë om sy jaarlikse tekorte reg te stel, uiteindelik sy vermoë om as lopende saak voort te bestaan, in gedrang bring.</p> <p>7. Ouditkomitee kontrole Die Ouditkomitee het die onderstaande aspekte geëvalueer.</p> <p>7.1 <i>Interne kontrole</i> Interne kontrole by die Kinderhuise kon nog nie volledig beoordeel word nie. Dit sal ees vanaf 2018 uitgevoer word. Skeiding van pligte is nie volledig moontlik nie as gevolg van die klein personeel van die Administratiewe</p>	<p>to represent the interests of SDDS.</p> <p>5.2 The Audit committee requested that a representative of each Children's home attend the meetings of the Audit committee.</p> <p>5.3 A check list was provided to the Management of each Children's home and the SDDS is to report during Audit committee meetings on the measures in place for attending to funds, donations and protection of assets.</p> <p>5.4 During the SDDS meeting on 24 October 2017 in Pretoria satisfactory oral feedback was given on the control measures for the receipt, recording and calculation of donations.</p> <p>5.5 <i>Pretoria</i></p> <p>5.5.1 The Audit committee recommended that the cost of the 10-year cleaning contract be calculated as an obligation in the statements.</p> <p>5.5.2 The Audit committee awaits the policy on contracts with current or former staff as well as Management members of the Children's homes.</p> <p>5.5.3 The Audit Committee also awaits the motivation for the term and tariffs of the cleaning contract for review. The Audit committee recommends that the statements of PKK Pretoria and Reddersburg be accepted.</p> <p>6. Going concern The Audit committee discussed its concern over the auditors' opinion that the inability of PKK Pretoria to rectify its annual shortfalls threatens its continued existence as going concern.</p> <p>7. Audit committee supervision The Audit committee evaluated the following aspects:</p> <p>7.1 <i>Internal supervision</i> Internal supervision at the Children's homes could not be fully evaluated to date. It will only be undertaken in 2018. The division of duties is not quite possible given the limited number of staff at the Administrative Bureau.</p>
---	--

<p>Buro. Die ouditeure bevestig dat hulle tevrede is dat met die bestuur van sake met inagneming van die beperkte hoeveelheid personeel. Bestuur rapporteer dat daar toegangskontrole oor IT-stelsels is, dat 'n rugsteunstelsel in plek is en dat 'n rampherstelplan opgestel is. Die Bestuur het verslag gelewer omtrent die kontrole oor banktoegang. Die Ouditkomitee beveel aan dat deurlopend aandag aan interne kontrole gegee word.</p> <p>7.2 <i>Finansiële verslagdoening</i> Die Ouditkomitee het die wyse van verslagdoening en die toepaslikheid daarvan beoordeel. Die toepaslikheid van rekenkundige beleid en beginsels is geëvalueer. Die Ouditkomitee stem saam met die Bestuur.</p> <p>7.3 <i>Ouditeure</i> Die Ouditkomitee het die fooie, aanstellingsvoorwaardes en onafhanklikheid van die eksterne ouditeure beoordeel. Die Ouditkomitee het die mening van die eksterne ouditeure met die bekwaamheid van die Administratiewe Buro se personeel bekom. Die eksterne ouditeure het gerapporteer dat daar geen onopgeloste auditverskille was nie. Die Ouditkomitee beveel aan dat die eksterne ouditeure weer aangestel word.</p> <p>7.4 <i>Voldoening</i> Die Ouditkomitee het navraag gedoen met die betrekking tot die nakoming van statutêre vereistes.</p>	<p>The auditors confirmed their satisfaction with the management of business affairs, taking into account the limited number of staff. Management indicated that access control is in place for the IT systems, a back-up system has been established and a recovery plan has been set up. Management reported on bank access.</p> <p>The Audit committee recommends continuous attention to internal supervision.</p> <p>7.2 <i>Financial reporting</i> The Audit committee evaluated the manner of reporting and its appropriateness. The appropriateness of accounting policy and principles was evaluated. The Audit committee agrees with management.</p> <p>7.3 <i>Auditors</i> The Audit committee evaluated the fees, appointment conditions and independence of the external auditors. The Audit committee obtained the opinion of the external auditors on the proficiency of the staff at the Administrative Bureau. The external auditors reported no unresolved audit variances.</p> <p>The Audit committee recommends that the external auditors be reappointed.</p> <p>7.4 <i>Compliance</i> The Audit committee enquired after the compliance with statutory requirements.</p>
---	---

Rapporteur:

Reporter: